LewenSentrum
RitmeSKOOL

KLAAR MET DISSIPELSKAPSKOOL, WAT NOU?

DIE VERSKIL TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK VAN DISSIPELSKAP

KWARTAAL 4 | 2019



INHOUD-SOPGAWE

WAT OM HIERDIE KWARTAAL TE VERWAG?	**3**
WEEK 1	**3**
PERSEPSIE 1 = JY MOET EERS JOU LEWE UITSORTEER VOORDAT JY 'N DISSIPEL KAN WEES.	**3**
WEEK 2	**5**
PERSEPSIE 2 = JY MOET GENOEG KENNIS HÊ VOORDAT JY 'N DISSIPEL KAN WEES.	**5**
WEEK 3	**7**
PERSEPSIE 3 = ONS HET MAAR SO GROOTGEWORD OM SÓ TE DINK OOR DISSIPELSKAP	**7**
WEEK 4	**8**
PERSEPSIE 4 = DISSIPELSKAP BETEKEN EK MOET IETS VIR DIE HERE DOEN.	**8**
WEEK 5	**10**
PERSEPSIE 5 = DAAR IS ANDER GELOWIGES WAT BETER DISSIPELS IS AS EK.	**10**
WEEK 6	**11**
PERSEPSIE 6 = ELKE DISSIPEL IS VIR HOM/HAARSELF.	**11**
WEEK 7	**12**
PERSEPSIE 7 = DISSIPELSKAP IS OM MENSE TE BEKEER.	**12**
WEEK 8	**14**
PERSEPSIE 8 = AS DISSIPEL IS EK VERANTWOORDELIK OM DIE WÊRELD TE VERANDER.	**14**
BID EN BYBEL	**14**
SAAMWEES EN SEËN	**14**
WERK EN WEGGEE	**14**
OM MEER TE LEES	**15**

WAT OM HIERDIE KWARTAAL TE VERWAG?

Ons reis nou al vir amper twee jaar saam met hierdie Dissipelskapskool of Ritmeskool. Maar wat nou verder? Dit is net soos wanneer kinders klaarmaak met skool, wat dan? Dan moet hulle in die wêreld ingaan en gaan werk. Dan word daar baie vinnig agtergekom wat die verskil is tussen skool en werk, tussen teorie en praktyk.

Dit sal dalk onverantwoordelik wees om ons nie ook gereed te maak vir die "regte wêreld" waarin ons nou moet gaan leef as dissipels nie. Hoe sal dit lyk as die "teorie" wat ons vir amper twee jaar geleer het, "geleef" word in ons alledaagse lewens.

Maar is dit dan nie hoekom ons 'n Leefskool, Dimensieskool het nie? Ja en nee. Die Leefskool of Dimensieskool help ons om ons dissipelskap te integreer met ons hele lewe, al ons dimensies van menswees.

Ons wil egter hierdie kwartaal stilstaan by hoe ons die brug kan bou tussen die afgelope twee jaar se Dissipelskapskool, Ritmeskool (die kennis en teorie wat ons geleer het), en die praktyk van ons alledaagse lewe. Hoe sal dit lyk as ons elke dag waarlik as dissipels lééf?

Met ander woorde, wat is dalk sekere (mis) persepsies wat ons het oor dissipelskap en hoe kan ons dissipelskap deel maak van ons elke dag.

WEEK 1

PERSEPSIE 1 = JY MOET EERS JOU LEWE UITSORTEER VOORDAT JY 'N DISSIPEL KAN WEES.

Maandag

Lees Eksodus 20:1-17. Dink jy jy voldoen aan die verwagtinge van die Tien Gebooie?

Ons kan so maklik godsdiens afwater na 'n morele manier van leef wat God van ons vra. As ons egter ons geloof so leef, sal ons nooit genoeg wees nie. Ons sal dan godsdiens sien as 'n tyd waar ons pak slae kry by die Here, want ons is al weer nie goed genoeg nie!

Dinsdag

Lees Hebreërs 1:1-4. Wat is die rol van Jesus in ons verhouding met God?

As ons terugdink aan Ritme 1: Wat is ons Godsbeeld? dan kan ons so maklik voel ons is nie goed genoeg om 'n dissipel te wees nie. Of ons moet eers ons lewe uitsorteer voordat ons 'n dissipel kan wees. Is dit nie maar dieselfde verwagting wat ons skep wanneer ons voel ons is in beheer van ons eie redding en heil nie? Ons as mens

moet dus eers goed genoeg wees voordat God ons roep. Ons moet eers ons lewe uitsorteer voordat ons in verhouding met God kan leef. NEE! Dit is om God se genade en liefde baie goedkoop te maak. God het sy Seun, Jesus Christus, gestuur om vir ons te kom sterf en sodoende reiniging van ons sonde te bewerkstellig. Dus is ons goed genoeg in God se oë!

Woensdag

Om ons nog verder te help om weg te beweeg van ons wat ons eie heil kan bewerkstellig, kom ons kyk na die rol van die Heilige Gees in ons lewens:

Lees Johannes 14:15-31; 15:18-27. Wat leer hierdie gedeelte ons oor die rol van die Heilige Gees in gelowiges se lewens?

1. _____
2. _____
3. _____

Donderdag

Lees Romeine 8:26-28. Wat leer hierdie gedeelte ons oor nog 'n rol van die Heilige Gees?

_____

_____

_____

As ons na Romeine 8:26 kyk, moet ons besef dat God anders is as ons vooropgesette idees oor Hom. Hy is nie 'n despoot met 'n sementagtige plan vir my lewe, wie se hart breek as ek nie sy bloudruk haarfyn uitleef nie. Of 'n God wat teleurgesteld in ons is nie. Of 'n God wat verwag ons moet uit eie verdienste ons heil by Hom loswerk nie. God is 'n God van genade!

Met ander woorde, God pas nie in ons klein godsdienstige boksies in nie. Ons moet dus 'n tweede wedergeboorte ondergaan. By die eerste geboorte het jy jou hart vir God gegee, maar jou lewe gaan normaalweg aan. Dit is 'n geboorte wat niks van jou leefwyse verander het nie. Ons moet by 'n tweede wedergeboorte uitkom, waar God ons gedagte rondom Hom, asook ons vooropgesette idees van Hom laat vaar sodat ons kan leef vanuit hierdie verhouding met Hom, om sodoende 'n lewe van dissipelskap agter die lewendige God aan te leef!

Vrydag

Lees Kolossense 2. Wat leer hierdie gedeelte ons oor hoe 'n tweede wedergeboorte lyk?

1. Bekering twee: _____
2. Bekering twee: _____
3. Bekering twee: _____
4. Bekering twee: _____
5. Bekering twee: _____
6. Bekering twee: _____

Saterdag

Lees Matteus 13. Wat leer hierdie gedeelte ons oor 'n lewe van 'n tweede geboorte?

_____

_____

_____

Sondag

PERSEPSIE 1 = JY MOET EERS JOU LEWE UITSORTEER VOORDAT JY 'N DISSIPEL KAN WEES.
WAARHEID 1 = GOD MAAK MY NUUT, NOU KAN EK LEEF AS 'N DISSIPEL.

Skryf 'n gebed neer om dankie te sê dat God jou nuut maak in Hom.

_____

_____

_____

_____

WEEK 2

PERSEPSIE 2 = JY MOET GENOEG KENNIS HÊ VOORDAT JY 'N DISSIPEL KAN WEES.

Ons kan so maklik dink ons het nog nie genoeg kennis opgedoen om 'n dissipel te wees nie. Nog net een Bybelskool, nog net een erediens, ek moet net die Bybel darem een keer deurgelees hê. Kom ons gaan kyk hoe lyk dit as Jesus dissipels roep.

Maandag

Lees Lukas 5:1-11. Het die dissipels enige "kennis" of "ervaring" gehad voordat hulle Jesus se dissipels kon wees?

Dinsdag

Lees Lukas 5:17-32. Het Levi enige "kennis" of "ervaring" gehad voordat hy Jesus se dissipel kon wees?

Woensdag

Lees Lukas 6:40. Wat leer hierdie gedeelte ons oor die vereistes vir dissipelskap?

Donderdag

Lees Lukas 9:23-27. Wat leer hierdie gedeelte ons oor die vereistes vir dissipelskap?

Vrydag

Lees Lukas 14:25-33. Wat leer hierdie gedeelte ons oor die vereistes vir dissipelskap?

Saterdag

Johan Smith en Stephan Joubert beskryf dissipelskap as volg[1] :

- Om deur Jesus Self geroep te wees
- 'n Lewende, lewenslange verhouding met Jesus, waar ek hoe langer al hoe meer beleef: "Vir my is die lewe Christus en die sterwe 'n wins" (Fil 1:21)
- 'n Voltydse, 24/7@365 (24 uur per dag; 7 dae per week; 365 dae per jaar) "commitment" om Jesus na te volg
- 'n Alternatiewe manier van leef as dienskneg van die Here in die teenwoordigheid van, en saam met ander gelowiges wat Jesus as hul enigste Here dien
- 'n Lewe wat oorloop met opofferende liefde vir God en ander mense
- Daaglikse gehoorsaamheid aan Jesus.
- Voltydse diensbaarheid aan Jesus se volgelinge, asook aan mense wat Hom nie ken nie
- Die dra van 'n kruis agter Jesus aan. Selfsugtige behoeftes word gedurig eenkant gesit en gekruisig in die lig van nuwe prioriteite in die koninkryk van God
- 'n Nederige lewe ter navolging van Jesus se eie voorbeeld toe Hy tussen ons hier op aarde kom leef het
- Aanhoudende groei en vrugdra op die pad van die Here
- 'n Lewe vol vreugde en blydskap in die Here se teenwoordigheid

Stem jy saam met die bg. of nie?

[1]*Smith J, Joubert S. Om Jesus te volg. CUM boeke.*

Sondag

Dissipelskap werk nie soos ‘n spyskaart nie. Daar’s geen teks in my Bybel wat sê daar’s verskillende “geloofs-geregte” waaruit mense kan kies volgens hulle eie behoeftes en voorkeure nie. Daar bestaan nie iets soos ‘n gemaklike, luilekker geloof vir beginners; ‘n ietwat moeiliker geloof vir middelmatiges en opofferende geloof vir eksperts nie. Jesus maak geen ruimte vir verskillende kategorieë van dissipelskap nie. Jy kan nie op eie stoom besluit jy sien tans net kans vir die “geestelike voorgeregte” van deeltydse navolging, terwyl “diep” gelowiges wat “ernstig” is oor die Here uit die hoofgeregte op sy voorkeur-spyskaart mag kies nie.

Op Christus se telbord maak ander dinge saak. Sy weegskaal meet volgens ander mates. Hy vra of ons voor Hom buig as Heer. En of ons ‘n hart het vir mense en vir sy stukkende skepping. Hy vra of ons ons eie gerief en sekuriteit opgeoffer het om vir Hom en ander te leef? In die Here se weegskaal is hierdie die regte meetinstrumente indien ons wil weet of ons “iets” met ons lewe gedoen het. Maar op die ou end kan ons net reg dien, doen en leef as ons ons nuwe identiteit en vryheid in Jesus Self vind. Dis al manier. Slegs as ons diep oortuig is ons is kinders van God, sal ons vry raak van ander vals identiteite wat ons aanhang, en wat verbind is met ons status, besittings, posisie en erkenning.

PERSEPSIE 2 = JY MOET GENOEG KENNIS HÊ VOORDAT JY ‘N DISSIPEL KAN WEES.
WAARHEID 2 = GOD GEE MY ‘N NUWE IDENTITEIT, NOU KAN EK LEEF AS ‘N VOLTYDSE DISSIPEL.

Skryf ‘n gebed neer om dankie te sê dat God jou ‘n nuwe identiteit gee in Hom.

NOTAS:

WEEK 3

PERSEPSIE 3 = ONS HET MAAR SO GROOTGEWORD OM SÓ TE DINK OOR DISSIPELSKAP

"Ek het maar so grootgeword." Dit het al 'n cliché geword, selfs tot in die kerk. Vir baie mense is hierdie die standaard verskoning om nie te verander nie. Hoe belemmer hierdie persepsie ons om nie as dissipels te leef nie?

Maandag

Lees Matteus 18:1-5. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap en hierdie persepsie?

Dinsdag

Lees Filippense 2:1-18. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap en hierdie persepsie?

Woensdag

Lees 2 Korintiërs 4. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap en hierdie persepsie?

Donderdag

Lees 2 Korintiërs 6. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap en hierdie persepsie?

Vrydag

Lees 2 Korintiërs 11. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap en hierdie persepsie?

Saterdag

Lees Lukas 10:1-37. Wat is die drie goed wat hierdie gedeelte ons leer oor praktiese dissipelskap?

1.

2.

3.

Sondag

PERSEPSIE 3 = ONS HET MAAR SO GROOTGEWORD OM SÓ TE DINK OOR DISSIPELSKAP
WAARHEID 3 = GOD VRA DAT EK KLEINER GROEI, SODAT EK NOU AL KAN LEEF AS 'N VOLTYDSE DISSIPEL.

Skryf 'n gebed neer om God te vra om jou te help om konstant kleiner te groei in Hom.

WEEK 4

PERSEPSIE 4 = DISSIPELSKAP BETEKEN EK MOET IETS VIR DIE HERE DOEN.

"Ek moet met my lewe iets vir die Here doen." Wie weet hoeveel keer het ek dit al gedink, of ander mense so iets hoor sê. Vir te veel jare het ek gedink dissipelskap gaan oor slegs aksies, take en programme wat ek vir die Here moet doen en voltooi. Die wêreld moet gered word. Sondaars moet bekeer word. Kerke moet omgedraai word. Gemeentes moet geplant word. Bybels moet versprei word. Herlewing moet aangewakker word. Sondaars moet uitgesorteer word. Om alles te kroon het die klem later verskuif vanaf net iets vir die Here doen, na iets GROOTS vir Hom doen.

Van groot dinge gepraat- dis nie onvanpas om groot dinge vir God te doen nie. Of om groot drome vir Hom te droom nie. Maar daar is een vraag wat altyd voor hierdie doen-vraag gevra moet word. Wat ek vir die Here moet doen, is regtig die tweede ene. Vraag een gaan glad nie oor wat ek vir die Here moet doen nie, maar wat Hy van my vra. Dit is die regte vraag - nie wat ek wil nie, maar wat God wil!

Maandag

Lees Lukas 10:38-42. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

_____

_____

_____

Dinsdag

Lees weer Lukas 10:38-42. Hoe sal jy Marta se verstaan van dissipelskap hier beskryf?

_____

_____

_____

Woensdag

Lees weer Lukas 10:38-42. Hoe sal jy Maria se verstaan van dissipelskap hier beskryf?

_____

_____

_____

Marta met haar gejaagde hart en Maria met haar dringendheid- dis die twee susters se toestand of kondisie daar in Jesus se teenwoordigheid. Ons weet watter suster trek dadelik Jesus se aandag. Nee, dis toe nie Maria nie, maar oorhaastige Marta. Jesus ontferm Hom dadelik oor haar. Hy kry haar jammer. Hy diagnoseer haar ernstige hart-toestand en hou dadelik 'n alternatiewe leefstyl as geneesmiddel vir haar voor. Jesus se siel-medikasie vir Marta is om haar eie suster na te doen in haar keuse. Maria het die regte keuse, 'n ewigheidskeuse, gemaak. Sy het daardie een ding gekies wat nooit weer van haar weggevat kan word nie; en dit is om by Jesus se voete te sit. Sy het hemelse rus reeds hier op aarde gevind. Sy het by Jesus tot stilstand en tot vrede gekom.

Net een ding is nodig! Maria se optrede daardie dag is hierdie einste een ding. Nee, dit gaan nie oor vyf stappe, of een en twintig wette, of vyf en negentig stellings nie; net een ding is nodig: die Maria-roete! Net dit.

Donderdag

Lees weer Lukas 10:38-42. Hoe sal jy die pad wat Maria kies, opsom?

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

Vrydag

Wanneer ons geleer het om soos Maria by die Here tot rus te kom, verskuif ons lewens vanaf gejaagdheid na rustigheid. Vanuit hierdie rustigheid word die regte soort dringendheid gebore. Hoor weer, rus in Jesus lei tot dringendheid, nooit tot gejaagdheid nie. Wanneer gedrewenheid uit 'n haastige hart groei, is dit gelyk aan gejaagdheid, stres en uitbranding. Dringendheid spruit egter voort uit die regte rus by Jesus. Wanneer ons diep, lank en aanhoudend rus vind in Hom, groei daar 'n diep innerlike oortuiging in ons harte oor ons eie doel in die lewe. Hierdie rus skep 'n dringendheid binne-in ons, om te doen wat ons vir die Here moet doen, in ons eie stukkie tyd hier op aarde. Dit maak dat ons vanuit ons rus aan die Heer se voete leef, nooit andersom nie. Dan definieer ons nie langer ons roeping as werk nie, maar as diens en speeltyd in die Here se feessaal. Dan gaan dit nie oor take en pligte wat slaafs afgehandel moet word nie, maar oor kindwees in die Vader se

aardse huis waar ons vreugdevol in sy teenwoordigheid leef, speel en dien.

- Gejaagde mense rus eers nadat hulle vir die Here gewerk het, terwyl dringende mense dien vanuit hulle rus in die Here.
- Gejaagde mense werk vir die Here, maar dringende mense leef vir die Here.
- Gejaagde mense verstaan hulle lewe veral in terme van take wat vir die Here afgehandel moet word. Dringende mense weer, word gemotiveer deur 'n diep innerlike oortuiging van hulle liefde vir die Here. Dankbaarheid teenoor Hom, nie plig nie, dryf hulle.
- Gejaagde mense se werk is nooit klaar nie. Daar is altyd nog 'n gebed, nog 'n besoek, nog 'n kommissie vergadering. Hulle skouers is altyd te smal vir die groot las wat hulle self probeer dra. Hierteenoor weet dringende mense hulle is in die Here se diens. Hulle laat Hom toe om hul eie en ander mense se laste te dra. Hulle maak nie ander se probleme hulle eie nie, maar leer diesulkes om dit self aan die Here se voete te gaan neerlê. Dienend wys hulle vir ander die beste plekke uit daar aan Jesus se voete.
- Gejaagde mense sit opgeskeep met nimmereindigende skuldgevoelens. Dringende mense weer het groot vryheid in Christus. Hulle het 'n diep besef van wie hulle is voor die Here. Ook weet hulle wat daardie paar talente is wat die Here spesifiek aan hulle gegee het en woeker ruimskoots daarmee. Hulle probeer nie alles vir almal wees nie. Hulle probeer nie almal tevrede stel nie. Hulle maak vrede met die feit dat haastige Marta's gedurig gefrustreerd met hulle sal wees. Dit maak vir hulle veel meer saak dat die Here met hulle tevrede is as dat "haastige hart" mense van hulle moet hou.
- Gejaagde mense blink uit in beheer en kontrole ten einde almal in die "boks" te hou en tot aksie aan te spoor. Hierteenoor is dringende mense verhoudingsgedrewe. Vanuit hulle verhouding met Jesus vloei hul aksies en leefwyse voort. Hulle integriteit, gefokusdheid en hardwerkendheid is nie 'n stuk pligsbesef nie, maar dit groei uit hulle liefde vir die Here en sy mense. Dringende mense is egter nie laissez faire karakters wat sonder orde, struktuur of planne leef nie. Hulle doen dit alles net vanuit hul diep geborgenheid en rus by die Here.

Saterdag

Lees Lukas 24:13-35. Hoe help hierdie gedeelte ons om te dink oor die verskil tussen gejaagdheid, dringendheid en hoe dissipelskap lyk?

Sondag

PERSEPSIE 4 = DISSIPELSKAP BETEKEN EK MOET IETS VIR DIE HERE DOEN

WAARHEID 4 = GOD VRA DAT EK BY SY VOETE TOT RUS KOM, SODAT EK KAN LEEF AS 'N VOLTYDSE DISSIPEL.

Skryf 'n gebed neer om God te vra om jou te help om jou haastige hart rus te laat vind by Hom.

WEEK 5

PERSEPSIE 5 = DAAR IS ANDER GELOWIGES WAT BETER DISSIPELS IS AS EK.

"The juice goes out of Christianity when it becomes too based on faith rather than on living like Jesus or seeing the world as Jesus saw it."
Steve Jobs.

Kennis maak regtig saak. Maar kennis wat net koplangs gebeur, is informasie. Om mense met nog informasie toe te gooi, help nie. Kennis wat met ons harte praat, bring transformasie. Ons harte bepaal ons lewe. Ons rituele, preke, Bybelstudies, saamwees en die res van ons lewe moet hartlangs eerste gebeur. Anders word dit kunsmatig met godsdienstige aarvoeding aan die lewe gehou. As ons hartsnare nie saamspeel nie, dans ons nie saam nie.

Maandag

Lees 2 Korintiërs 3. Wat leer hierdie gedeelte ons oor deel 1 van God se groot Storie?

Dinsdag

Lees 2 Korintiërs 3. Wat leer hierdie gedeelte ons oor deel 2 van God se groot Storie?

Woensdag

Lees 2 Korintiërs 3. Wat leer hierdie gedeelte ons oor deel 3 van God se groot Storie?

Donderdag

Lees Romeine 12:1-2. Wat leer hierdie gedeelte ons oor hierdie week se persepsie?

Vrydag

Lees Filippense 3:7-16. Wat leer hierdie gedeelte ons oor hierdie week se persepsie?

Saterdag

Lees Matteus 5:3-12. Wat leer hierdie gedeelte ons oor hierdie week se persepsie?

Sondag

PERSEPSIE 5 = DAAR IS ANDER GELOWIGES WAT BETER DISSIPELS IS AS EK.
WAARHEID 5 = GOD VRA DAT EK HOM BEGEER SODAT EK KAN LEEF AS 'N VOLTYDSE DISSIPEL.

Skryf 'n gebed neer om God te vra om jou te help dat die Gees jou hartsbegeertes tot God rig.

WEEK 6

PERSEPSIE 6 = ELKE DISSIPEL IS VIR HOM/ HAARSELF.

Die kerk is nie 'n professionele spasie nie. Die kerk is nie 'n plek van kompetisie waar ons ons met mekaar vergelyk nie. Ons meet ons nie aan ander nie. Die kerk is die Here se duurgekoopte, aardse familie. As ons dit snap, sal ons ophou om onsself met ander gelowiges te vergelyk, en sal ons begin feesvier as ons geestelike familie vooruitgaan.

Maandag

Lees Markus 3:31-35. Wat leer hierdie gedeelte ons oor wie almal deel is van God se familie?

Dinsdag

Lees 1 Johannes 5:1-12. Wat leer hierdie gedeelte ons oor wie almal deel is van God se familie, asook hoe hierdie familie leef?

Woensdag

Lees 1 Johannes 3:1-10. Wat leer hierdie gedeelte ons oor wie almal deel is van God se familie, asook hoe hierdie familie leef?

Donderdag

Lees 1 Johannes 2:1-11. Wat leer hierdie gedeelte ons oor hoe God se familie leef, asook hoe hierdie familie leef?

Vrydag en Saterdag

Prakties gebeur gehoorsaamheid en nuwe lewe in God se familie as volg:

Lees 1 Johannes 5:14-15:

Lees 1 Johannes 3:11-12; 4:7-11, 19-21; 5:2:

Lees 1 Johannes 3:16-17:

Sondag

PERSEPSIE 6 = ELKE DISSIPEL IS VIR HOM/ HAARSELF.
WAARHEID 6 = OMDAT EK 'N VOLTYDSE DISSIPEL IS, IS EK DEEL VAN GOD SE AARDSE FAMILIE.

Skryf 'n gebed neer om God te vra om jou te help om in te skakel as deel van Sy aardse familie.

WEEK 7

PERSEPSIE 7 = DISSIPELSKAP IS OM MENSE TE BEKEER.

Die eerste sendeling in Korea waarvan ons weet was Robert J. Thomas. Hy het nie 'n reuse sendingprogram gedryf nie. Trouens, hy was dood nog voordat hy eintlik hiermee begin het. In 1866 was hy aan boord van die Amerikaanse skip, General Sherman, wat met die Taedong Rivier in huidige Noord-Korea gevaar het. Hy wou daar gaan werk vir die Here. Die skip het op 'n sandbank beland en hulle is aangeval deur Koreaanse soldate. Net voordat Thomas doodgemaak is, het hy 'n Bybel aan sy aanvallers uitgehou en uitgeroep: "Jesus, Jesus!" Dit is al. Sowat 25 jaar later het iemand 'n gastehuis in daardie omgewing besoek met vreemde muurpapier teen die mure. Die eienaar het verduidelik dat hy van die Koreaanse skrif gehou het in die dik boek wat hy iewers gekry het. Toe plak hy dit teen sy muur, soos wat dit die gebruik in daardie tyd was. Dit was toe al die tyd bladsye uit Robert Thomas se Bybel wat hy vir sy moordenaars gegee het, en wat as teks vir vele gaste gedien het. Wie weet hoeveel mense het God se genade teen daardie einste muur raakgelees en ontdek! Sommige navorsers reken dat 40% van Suid-Korea se inwoners vandag Christene is en dat hierdie Bybel van Thomas die eerste reuse tree in die regte rigting was.
Anders as Robert Thomas, was die prediker, D.L. Moody, wyd bekend. Een aand voor 'n optrede in Indianapolis het hy vir die sanger, Ira Sankey, gevra om op 'n straathoek te begin sing. Spoedig het 'n groot skare om hom saamgedrom. Moody het kort voor lank met hulle oor die Here begin praat. Daar was spoedig so baie mense dat hy hulle na die ouditorium toe genooi het waar hy later die aand sou optree. Kort voor die aanvang van die amptelike program het hy vir die skare wat spontaan daar saamgekom het gesê: "Now we must close as the brethren of the convention wish to come and discuss the question: 'How to reach the masses!'"

Die verhale van Robert Thomas en D. L. Moody het minstens een gemene deler. Beide vertel iets van die ongestruktureerdheid en verrassende karakter van dissipelskap.

Maandag

Lees Markus 4:1-9, 13-21. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

Dinsdag

Lees Markus 4:26-29. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

Woensdag

Lees Markus 4:30-32. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

Donderdag

Lees Lukas 17:7-10. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

Vrydag

Lees Lukas 10:25-37. Wat leer hierdie gedeelte ons oor dissipelskap?

Relevante geloof en dissipelskap gebeur nie net wanneer God se familie feestelik saamkom nie, maar ook wanneer hulle voltyds ontplooi is daar oorkant die pad. Mense wat dissipelskap so uitleef dink nie eens meer in terme van voltyds of deeltyds, of in terme van vrywilligers wat na-ure dissipelskap doen nie. Sulke kategorieë bestaan nie in hulle lewe nie. Hulle

is voltyds aan't leef en dien vir Christus, of hulle nou by die werk is, of by hulle plaaslike gemeente of bediening. Hulle rolmodel is die Samaritaan wat sy dagboek onderbreek het om tot stilstand te kom langs 'n vreemdeling in nood. Hulle stap maar net elke dag oor die pad en doen dissipelskap daar.

Saterdag

Lees 1 Korintiërs 10:31; Kolossense 3:17, 23. Wat leer hierdie gedeeltes ons oor dissipelskap?

Sondag

PERSEPSIE 7 = DISSIPELSKAP IS OM MENSE TE BEKEER.
WAARHEID 7 = OM TE LEEF AS 'N VOLTYDSE DISSIPEL BETEKEN DAT EK NET OOR DIE STRAAT MOET STAP EN JESUS TOELAAT OM HULLE AAN TE RAAK.

Skryf 'n gebed neer en vra God om jou te help, om deur jou te werk en om mense deur jou aan te raak.

NOTAS:

WEEK 8

PERSEPSIE 8 = AS DISSIPEL IS EK VERANTWOORDELIK OM DIE WÊRELD TE VERANDER.

Dit is een ding om die wêreld te wil verander, maar dit is iets anders om dit prakties te begin doen. Hoe bemeester ons dissipelskap sodat ons later intuïtief weet wat ons moet doen en wat nie? Wel, in geloofsterme vra dit die voltydse inoefening van die regte geestelike dissiplines. Ons moet oefen en nogmaals oefen totdat ons begin aanvoel hoe die Here se ewige ritmes in ons eie lewe neerslag vind. Hierdie ritmes moet ons karakter vorm en slyp en ons mooi maak tot eer van ons Heer.

Maandag

Bid en Bybel

Lees Openbaring 10:8-11. Wat leer hierdie gedeelte ons oor Bybellees?

Lees Psalm 1:1-3. Wat leer hierdie gedeelte ons oor Bybellees?

Dinsdag

Lees Lukas 11:1-13. Wat leer hierdie gedeelte ons oor gebed?

Lees Prediker 4:17-5:2. Wat leer hierdie gedeelte ons oor gebed?

Woensdag

Saamwees en Seën

Lees Genesis 2. Wat leer hierdie gedeelte ons oor saamwees?

Lees 2 Korintiërs 2:12-17. Wat leer hierdie gedeelte ons oor seën?

Donderdag

Werk en Weggee

Lees 1 Tessalonisense 2:9; 4:11. Wat leer hierdie gedeelte ons oor werk?

Lees 2 Tessalonisense 3:10-12. Wat leer hierdie gedeelte ons oor werk?

Vrydag

Lees Handelinge 20:35. Wat leer hierdie gedeelte ons oor weggee?

Lees 1 Petrus 2:18. Wat leer hierdie gedeelte ons oor weggee?

Saterdag

Lees Fillipense 2:5-11. Wat leer Jesus ons in hierdie gedeelte oor weggee?

Sondag

PERSEPSIE 8 = AS DISSIPEL IS EK VERANTWOORDELIK OM DIE WÊRELD TE VERANDER.
WAARHEID 8 = OM TE LEEF AS 'N VOLTYDSE DISSIPEL BETEKEN DAT EK VOLGENS BYBELSE LEEFRITMES LEEF.

Skryf 'n gebed neer waarin jy God vra om jou te help om jou lewensritmes in ritme met Syne te kry.

OM MEER TE LEES

Joubert. S.J. 2014. *Jy kan 'n verskil maak.* CUM Uitgewers.

NOTAS:



LewenSentrum
GEMEENTE
Om God en mens liewer te hê

t: 011 867 7244
w: www.LewenSentrum.org.za
a: Clairettestraat 2a | Meyersdal | Alberton